Geagte Redakteur,

Hierdie brief is van die allergrootste belang.

Ek is uiters bekommerd oor die huidige rigting van sg. “teologiese” uitsprake. Daarmee saam wonder ek hoeveel gewone NG Kerk-lidmate daarvan bewus is – terwyl dit hulle wesenlik raak. Ek noem enkeles:

Die evolusiehipotese (hierna “evolusie”) druis lynreg teen die Woord van God in. Die een maak van die ander ‘n leuen. Evolusie is gefundeer op die teorie van spontane verwekking (*“spontaneous generation*”) nl. dat lewe vanself uit dooie materie ontstaan het. Louis Pasteur e.a. het hierdie teorie alreeds meer as 100 jaar gelede verkeerd bewys. Die Bybel leer dat pyn, lyding en die dood in die wêreld gekom het a.g.v. die mens se sonde. Daarteenoor verkondig evolusie dat die mens uit ‘n eenvoudige organisme ontwikkel het. Daar was dus geen sondeval nie, gevolglik is Jesus Christus nie nodig nie, en is daar derhalwe ook geen eind-oordeel nie.

Gedurende Junie 2009 het die moderatuur van die NG Kerk se algemene sinode hulle amptelike standpunt oor evolusie geformuleer, soos berig in die Kerkbode. Die gevolgtrekking wat daarin gemaak is, is dat die moderatuur geen probleem het dat evolusie in skole gedoseer word nie en dat hulle dit aan lidmate oorlaat om self te besluit of hulle evolusie wil ondersteun of nie. Verder ken die moderatuur onregmatig die status van “wetenskap” aan evolusie toe, terwyl dit slegs teorieë / hipoteses is.

Die moderatuur beweer ook dat “die komplekse aard van al die wetmatighede waarbinne hierdie proses van skepping plaasgevind het ... nog steeds funksioneer en ontwikkel...”. asof God in Sy skeppende almag nie ook die wetmatighede vasgelê het nie.

Vir die opening van die U.P. Fakulteit Teologie hierdie jaar (2/2/2010) is die bekende ateïs en evolusionis prof. George Claassen uitgenooi om as hoofspreker op te tree. Hy het weggeval met die woorde: *“Genoeg bewyse bestaan ter ondersteuning van Charles Darwin se evolusieteorie.”.* Hy het aangegaan en geïmpliseer dat Charles Darwin e.a. meer gesag het as die Heilige Gees.

Geeneen van die teologie-professore wat repliek gelewer het, het hierdie uitsprake geloënstraf nie. God se eer was klaarblyklik nie ter sake nie. Beide hierdie professore het laat blyk dat hulle ook evolusie aanhang, gevolglik kon hulle nie prof. George Claassen weerlê nie.

Ook die Kerkbode, amptelike blad van die NG Kerk, berig oorwegend gunstig oor evolusie. So bv. die berigte in Kerkbode van 19 Februarie 2010. In die een berig sê die redakteur van Kerkbode (met verwysing na prof. Claassen) dat dit vir hom

terapie was “Om te hoor hoe die wetenskap [bedoelende evolusie!] sy [prof Claassen se] lewe en gedagtes na ‘n nuwe plek, ‘n nuwe oortuiging, gebring het.” Die redakteur het geen “botsing tussen wetenskap [bedoelende evolusie] en geloof” ervaar nie. “Almal het met aandag geluister. Daar was openheid en ontvanklikheid”. Wat my kwel is: Hoeveel jong teologiese studente het daar aandagtig en ontvanklik gesit en luister? Hoeveel het vir George Claassen geglo? Maar die redakteur van Kerkbode sê oor hierdie byeenkoms: “Die kerk het my trots gemaak”.

‘n Meegaande berig in Kerkbode is getitel: “Evolusie is God se kunswerk”. Hier getuig dr. Henk Gous van die NG Gemeente Quellerina: “Claassen het duidelik gewys evolusie is ‘n standhoudende en geldige teorie. Christene moet dus nie daarmee probeer verskil … nie. Dit sal jou verspot maak.” Hy sê verder dat christene besef “die onmoontlikheid om aan Kreasionisme [skepping volgens die Bybel] vas te hou…”.

In dieselfde berig sê ds. Albert Cruywagen van van Riebeeckpark omtrent die geldigheid van evolusie: “Daaroor stem baie gelowiges 99 persent saam met prof. Claassen”.

‘n Proponent van die NG Gemeente Aasvoëlkop het onlangs geskryf dat God nie bestaan nie maar dat Hy net in mense se koppe “gebeur”.

Iemand met my oortuigings staan onder heelwat beskrywings bekend: Skeppingsleerder, kreasionis, fundamentalis. Ander beskrywings daarvoor is nar, stommerik, verkramp en ja, selfs agtergeblewene - en dít omdat ek glo wat in God se Woord geskryf staan. Dan dra ek daardie name met dank teenoor die Here, en met trots.

Ek is bekommerd dat ek geen leraar in die media sien skryf dat hy evolusie verwerp nie. Is dié skugterheid / stilte miskien te danke aan die feit dat (sovêr ek weet) die meerderheid van die kerk se leierskorps evolusie onderskryf? Miskien omdat dit modieus en verlig is om pro-evolusie te wees?

‘n Verdere bekommernis is dat (al sê die Nederlandse Geloofsbelydenis dat ‘n kerk wat nie (leer)tug toepas nie, ‘n valse kerk geword het) daar geen deel van die kerk waarvan ek bewus is, wel tug toepas nie. Leraars, lektore, lidmate mag blykbaar dwaalleringe na willekeur verkondig, maar geen haan kraai daarná nie. ‘n Paar jaar gelede, sover my kennis strek, is ‘n Tukkies teologiese student geskors nadat hy sy lektore aangekla het vir dwaalleer.

Waarheen is die kerk op pad? 1Tim.4:1 lees: “Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang …”

In 2005 het Pieter J. Pelser ‘n boek geskryf: “*NG Kerk: Reformeer of… Disintegreer?*”. Ek meen die laaste deel van die vraag is besig om waar te word. My hart bloei vir elkeen wat op die donker glybaan van ongeloof beland het.